# HOOFSTUK 2

## DIE ONTSTAAN VAN DIE KONSENTRASIEKAMPBELEID

Daar was nie aan die begin van die oorlog sprake van konsentrasiekampe nie - hetsy vir persone wat die wapen neergelê het of vir die vrouens en kinders van Boere wat nog geveg het. Namate die oorlog sy verloop geneem het, het die beleid van konsentrasiekampe vorm begin aanneem.[1]

Die Britse owerheid het aanvanklik verwag dat die twee Boererepublieke gou oorwin sou word en dat die oorlog spoedig tot 'n einde sou kom.[2] Hierdie verwagtinge word ook weerspieël in lord Roberts se eerste proklamasies waar onder andere verklaar word dat enige persoon wat na sy huis terugkeer en daar vreedsaam lewe, nie in persoon of eiendom gepenaliseer sal word omdat hy vroeër geveg het nie.[3]

Lord Roberts het op die 13de Maart 1900 Bloemfontein beset en op die 15de Maart 1900 is 'n proklamasie uitgevaardig wat gelui het dat die burgers wat gewillig is om hulle wapens dadelik neer te lê en hulle met 'n eed te verbind om nie verder aan die oorlog deel te neem nie, verlofbriewe sal ontvang om na hulle huise terug te keer; hulle sal nie

---

1 A.C. Martin, The Concentration camps 1900-1902. Facts, figures and fables, p.3; J.C. Otto, Die konsentrasiekampe, p.44.

2 G.H.L. le May, British supremacy in South Africa, 1899-1907, p.85; S.B. Spies, Methods of Barbarism? Roberts and Kitchener and Civilians in the Boer Republics: Januarie 1900- May 1902, p.90.

3 G.H.L. Le May, British supremacy..., p.85; S.B. Spies, Methods of Barbarism?..., p.33; E. Hobhouse, Die smarte van die oorlog en wie dit gely het, pp.1- 2.

krygsgevange geneem word en hulle eiendom sal nie vervreem word nie.[4]

Baie Boere het geglo dat die stryd verlore was en het die wapen neergelê, maar die oorlog het voortgeduur, veral in die vorm van guerrilla-oorlog-voering. Die sogenaamde "hendsoppers" of verraaiers het hulle gou in 'n netelige posisie bevind, naamlik òf om hulle eed van neutraliteit teenoor die Britte te verbreek òf om deur ander Boere as lafaards en verraaiers uitgeskel te word.[5] Dit het ook gou geblyk dat die Britse owerheid nie in staat was om hierdie burgers wat die wapen neergelê het teen hul mede-Boere te beskerm nie. Die Boerekommando's het sulke burgers tot hul plig teruggedwing of hulle volgens landswet gestraf. Die Boere het geweier om die reg prys te gee wat hulle gehad het om sulke persone, wat dienspligtige onderdane van die Republiek was, te straf of tot krygsdiens te dwing.[6]

Baie van die burgers wat reeds die wapen neergelê het, het openlik of slinks die eed van neutraliteit verbreek en lord Roberts het hom nou in 'n moeilike situasie bevind, naamlik dat die Engelse konvooie, troepe en afdelings in die gebiede wat as veilig beskou is, onverwags oorval en aangeval is.[7] Hierdie beleid van eedswering het dus misluk. Die familie van die man wat sy eed verbreek het, is uit hul huis gesit, en die huis

---

4 E. Hobhouse, *Die smarte...*, p.8; G.H.L. Le May, *British supremacy...*, p.85; S.B. Spies, *Methods of Barbarism?...*, p.34; J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, pp.2, 30.

5 A.C. Martin, *The Concentration camps...*, p.1; E. Hobhouse, *Die smarte...*, p.8.

6 J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, p.43; G.H.L. Le May, *British supremacy...*, p.85; J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, p.31.

7 A.C. Martin, *The Concentration camps...*, p.2.

is afgebrand. Emily Hobhouse meld dat die korrespondent van The Times op 27 April 1900 vanuit Bloemfontein skryf dat die kolonne van generaal Pole-Carew met die definitiewe instruksies van Roberts gegaan het om die plase van dié manne wat oorgegee het en wat nog kop in een mus met die vyand was of wat maar net van Britse grootmoedigheid gebruik gemaak het om hul eiendom te beskerm, onbewoonbaar te maak.[8]

Vanaf 3 Februarie is daar gereeld protesbriewe tussen Roberts en die twee Boerepresidente gewissel. Roberts het daarop gewys dat die witvlag misbruik is en die twee Boerepresidente het beswaar aangeteken teen die afbranding van plaashuise.[9]

Intussen het die Boerekommando's begin om Britse kommunikasielyne aan te val en te vernietig en op 16 Junie 1900 het Roberts 'n proklamasie uitgevaardig waarin bekend gemaak is dat waar moedswillige skade aan publieke eiendom, soos spoorweë, brûe en telegraafdrade aangebring word, sal die huise van die persone wat in die nabyheid woon, verbrand word omdat sodanige vernieling nie kon plaasvind sonder hulle kennis en stilswye nie.[10]

'n Verdere proklamasie volg op 19 Junie 1900 en dit het behels die gesamentlike en afsonderlike verantwoordelikheid deur inwoners van 'n

---

8. E. Hobhouse, Die smarte..., pp.8-9; A.C. Martin, The Concentration camps..., p.2.

9. F. Pretorius, 1899-1902. Die Angloboereoorlog, p.56; A.C. Martin, The Concentration camps..., p.2; G.H.L. Le May, British supremacy..., pp.88-89, S.B. Spies, Methods of Barbarism?..., p.125; E. Hobhouse, Die smarte..., pp.24-32.

10. G.H.L. Le May, British supremacy..., pp.85-86; E. Hobhouse, Die smarte..., pp.12, 15; S.B. Spies, Methods of Barbarism?..., p.102; F. Pretorius, 1899-1902..., p.54; J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, pp.32-33.

dorp of distrik vir skade in hul distrikte aangebring; 'n boete; die direkteur van militêre spoorweë is gemagtig om bevel te gee dat van die inwoners wat deur hom uit elke distrik gekies sal word, die treine sal vergesel waar spoorlyne opgeblaas kon word.[11]

Roberts was tog afkerig van die reël dat inwoners 'n trein moes vergesel, en plaasverbranding het die straf geword vir die beskadiging van kommunikasielyne of aanvalle op treine.[12]

Op die 14de Augustus 1900 volg 'n verdere proklamasie waardeur vorige beloftes geheel of gedeeltelik herroep word. Hiervolgens sou persone wat die eed van neutraliteit verbreek òf gevang òf beboet word òf die doodstraf ontvang. Persone in die besette gebied wat nie die eed van getrouheid afgelê het nie, sou as krygsgevangenes behandel word.[13]

Die afbranding van huise was maar een aspek van die beleid van verwoesting. Alreeds in Julie 1900 het Roberts luitenant-generaal lord Methuen bevel gegee om die land skoon te maak van vee, voorrade en perde. Op 25 Augustus 1900 beveel lord Kitchener dat hoewel lojale inwoners in die distrik beskerm word, die bevelvoerende offisier moet toesien dat die distrik so gestroop word van voer en ander voorrade dat geen kommando wat die distrik wil inval, daar sal kan leef en bestaan nie.[14]

---

[11] E. Hobhouse, Die smarte...,,p.13; G.H.L. Le May, British supremacy..., p.86; S.B. Spies, Methods of Barbarism? ..., p.103; J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, p.12.

[12] S.B. Spies, Methods of Barbarism?..., p.108.

[13] G.H.L. Le May, British supremacy..., p.87; S.B. Spies, Methods of Barbarism?..., p.145.

[14] S.B. Spies, Methods of Barbarism?..., p.120.

In September 1900 is gelas dat behalwe die afbranding van die huise alle voedselvoorrade binne 'n straal van 16 kilometer verwyder of verwoes moes word. Dit het in effek beteken dat 'n gebied van 547 vierkante kilometer gestroop is met elke aanval op die Britse kommunikasielyne.[15] Die beleid van verwoesting was dus nie net 'n strafmaatreël nie, maar ook 'n metode om die kommando's hulle bestaansmoontlikhede te ontneem en dit het alreeds so vroeg as Julie 1900 begin.

Namate die militêre situasie in die land versleg het en Britse proklamasie baie strenger geword het, het burgers, vrouens en kinders na die Britse linies gekom vir beskerming. Reeds in Julie 1900 is vlugtelinge uit die westelike distrikte in 'n kamp naby Mafeking geplaas. Op 3 September 1900 maak Roberts in 'n rapport melding van 'n offisier wat gerapporteer het dat tien manne met verskeie vrouens en kinders met hulle vee en waens in die kamp aangeland het. So het daar op verskeie plekke 'n paar manne opgedaag om beskerming vir hulle en hul besittings te soek.[16] Roberts was nou verplig om die wapenneerlêers teen heropkommandering deur die Boeremagte te beskerm. Die enigste uitweg was beskermingskampe ("refugee camps") vir die wapenneerlêers en hulle gesinne. En op 22 September 1900 is dit amptelik bekend gemaak dat kampe vir wapenneerlêers te Bloemfontein en Pretoria opgerig word.[17]

---

[15] F. Pretorius, 1899-1902..., p.54.

[16] A.C. Martin, The Concentration camps..., pp.2, 3; E. Hobhouse, Die smarte..., pp.33-34.

[17] A.M. Grundlingh, Die "Hendsoppers" en "Joiners", pp.56-57; F. Pretorius, 1899-1902..., p.56; A.C. Martin, The Concentration camps..., pp.2-3; E. Hobhouse, Die smarte..., pp.33-34; J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, p.39.

Hierdie "refugee"-kampe was dus nie bedoel vir die huisvesting van die families van vegtende burgers en diegene wie se huise verwoes is nie. Kitchener het die persone wat in hierdie "refugee"-kampe geplaas is, beskryf as die families van burgers wat oorgegee het en wat self kamp toe gekom het of daarheen gebring is om hulle te red van die weerwraak van die vyand.[18]

Nog voordat die Britse troepe die twee Boererepublieke binnegeval het, was daar al vrouens en kinders wat na die dorpe verhuis het as gevolg van 'n gebrek aan voedsel of uit vrees vir die nie-blankes wat 'n bedreiging geword het terwyl die mans afwesig was van die plase.[19] In November 1900 het lord Roberts gemeld dat as gevolg van die beleid van verwoesting het baie vrouens en kinders na die dorpe gestroom. Baie het vrywillig na die dorpe gekom, maar die ander is nie 'n keuse gelaat nie en is deur Britse offisiere gestuur. In baie gevalle is families net so aan hul lot oorgelaat op die verwoeste plase. Sommige het na vriende in die Kaapkolonie gevlug, ander na vriende op ander plase en daar was diegene wat by swartmense 'n heenkome gevind het. Sommige van die ontwortelde families is ook in laers byeengebring.[20]

Aanvanklik het Roberts probeer om die versorging van bogenoemde mense op die kommando's se skouers te plaas. En op 2 September 1900 het hy generaal Louis Botha in kennis gestel dat die familie van oorlogvoerendes

---

18. J.C. Otto, Die konsentrasiekampe, p.44; J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, p.39.

19. S.B. Spies, Methods of Barbarism..., p.128; F. Pretorius: 1899-1902..., p.54; S.B. Spies, "Women and the War", in P. Warwick (ed.): The South African War. The Anglo-Boer War 1899-1902, p.162.

20. S.B. Spies, Methods of Barbarism?..., p.144; J.C. Otto, Die konsentrasiekampe, pp.36 en 44; S.B. Spies, "Women and the War", pp.165-166.

nie langer toegelaat sou word om in die dorpe te bly nie. Op 19 Julie 1900 is byvoorbeeld 412 vrouens en kinders vanaf Pretoria na Van der Merwestasie en vandaar na Barberton gestuur.[21] Botha het Roberts later in kennis gestel dat die vrouens en kinders na Europa gestuur sou word en toe dit blyk dat hierdie optrede onprakties was, het Roberts sy verwoestingsbeleid kragdadiger voortgesit.[22]

Op 29 November 1900 het Kitchener die opperbevel van Roberts oorgeneem. Die afbranding van hele dorpe het voortgegaan en Kitchener het die verwoesting van voorrade met groter ongenaakbaarheid voortgesit.[23] Reeds op 17 Junie 1900 het St. John Brodrick in 'n debat met meneer Lloyd George in die Britse parlement verklaar dat dit absoluut noodsaaklik is om die vrouens uit die distrikte te verwyder aangesien elke plaashuis 'n plek geword het van rus en die voorsiening van voorrade en inligting aangaande die Britse troepe se bewegings.[24] Kitchener het self ook aangetoon dat elke plaashuis 'n bron van voorraad, inligting en rus geword het en omdat die Boere nie uniform gedra het nie kon hulle maklik tussen die kommando's, plase en dorpe beweeg sonder vrees vir gevangeneming. Daarom het dit ook uit 'n militêre oogpunt absoluut

---

[21] S.B. Spies, Methods of Barbarism?..., pp.129-143; G.H.L. Le May, British supremacy..., p.91; E. Hobhouse, Die smarte..., pp.29-31; J.L. Hattingh, "Die geval van Meyer de Kock en die ontstaan van die konsentrasiekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902, in Historia, jaargang XVIII, p.163.

[22] F. Pretorius, 1899-1902..., p.65; J.C. Otto, Die konsentrasiekampe, p.40; S.B. Spies, Methods of Barbarism?..., pp.142-143; J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, pp.14, 14-38.

[23] F. Pretorius, 1899-1902..., p.56; D.W. Kruger, Die ander oorlog. Die stryd om die openbare mening in Engeland gedurende die Tweede Vryheidsoorlog, p.137.

[24] W.T. Stead, Method of Barbarism. The case for intervention, p.33.

noodsaaklik geword om hierdie bronne van rus, voorrade en inligting van die Boere totaal te vernietig.[25]

Teen die einde van 1900 is die plaashuise sonder onderskeid verwoes en in Oktober 1902 het sir Alfred Milner erken dat daar gedurende die oorlog soveel as 30 000 plaashuise verwoes is.[26] W.T. Stead het ook aangetoon dat in baie gevalle alle plaashuise afgebrand is bloot omdat hulle in die omgewing van die Britse opmars was of uit wraak of sommer net van pure moedswilligheid.[27] Teen die einde van Oktober 1900 het Milner al beswaar gemaak teen die feit dat plaashuise sonder onderskeid verwoes is. Hy skryf aan Chamberlain: "The indiscriminate burning of all the houses in a particular district simply to make it untenable by the enemy is quite another. To that I object thinking it 1) barbarous and 2) ineffectual".[28]

Daar moet ook op gewys word dat Roberts gedurende 1900 van verskeie burgerlikes gebruik gemaak het, soos onder andere mevrou Annie Botha, om persone soos generaal Louis Botha, president Paul Kruger en generaal Christiaan de Wet tot vredesluiting te oorreed. Teen November 1900 was Roberts ontnugter en het hy besef dat die Boereleiers hulle nie deur burgerlikes sou laat beïnvloed nie.[29]

---

[25] L.S. Amery (red.), The Times history of the War in South Africa, vol.V, pp.66-67; A.C. Martin, The Concentration camps..., pp.6, 9.

[26] S.B. Spies, Methods of Barbarism?..., p.118; F. Pretorius 1899-1902..., p.56; S.B. Spies, "Women and the War", p.165.

[27] W.T. Stead, Methods of Barbarism..., p.64.

[28] G.H.L. Le May, British supremacy..., p.90; S.B. Spies, Methods of Barbarism?..., p.126.

[29] S.B. Spies, Methods of Barbarism?..., pp.90-101; T. Pakenham, Die Boere-Oorlog, p.509.

In Desember 1900 het Kitchener die vorming van burgervredeskomitees aangemoedig. 'n Aantal hensoppers is ook uitgestuur om die burgers op kommando tot vrede te oorreed. Kitchener het ook gedreig dat as die metode nie slaag ne, hy van veel harder metodes gebruik sou maak om vrede te bewerkstellig. Die burgers wat so met die Engelse saamgewerk het, is egter voor die Krygsraad gedaag en aan verraad skuldig bevind. So is onder andere Meyer de Kock, die sekretaris van die Burgher Peace Committee, ter dood veroordeel en geskiet.[30] Ook die onderhoud tussen Kitchener en Botha op Middelburg op 28 Februarie 1901 het misluk.[31]

Op 21 Desember 1900 het Kitchener ook instruksies aan sy kommanderende generaals uitgevaardig dat om 'n einde aan die guerrilla-oorlog te maak alle bewoners uit die distrikte waar vyandelike "bendes" aanhoudend optree, verwyder moes word. Daar is ook kennis gegee dat die vroue en kinders met die oog op hul onderhoud in kampe naby die spoorweë byeengebring moes word. Burgers wat na dié datum oorgee, sou toegelaat word om saam met hulle familie in kampe te woon.[32]

Hierdie kampe was egter beslis nie die eerste konsentrasiekampe nie. Daar is geen amptelike verklaring van presies wanneer die kampe vir die families van vegtende burgers begin is nie. Daar is ook geen amptelike verslae oor die konsentrasiekampe voor Februarie 1901 nie; daarom is die

---

[30] J.L. Hatting, "Die geval van Meyer de Kock"..., in Historia, jg. 18, pp.178-185; G.H.L. Le May, British supremacy..., p.96; T. Pakenham, Die Boere-Oorlog, p.509; R.W. Schikkerling, Hoe ry die Boere, pp.140-141; Generaal Ben Viljoen, My reminiscences of the Anglo-Boer War, pp.202-205.

[31] E. Hobhouse, Die smarte..., p.94; T. Pakenham, Die Boere-Oorlog, p.508.

[32] D.W. Kruger, Die ander oorlog..., pp.136-137; L.S. Amery, The Times history..., vol.V, pp.86-87; S.B. Spies, Methods of Barbarism?..., pp.181-183.

indruk geskep dat die kampe eers begin is nadat Roberts Suid-Afrika verlaat het. Emily Hobhouse het egter volgehou dat daar alreeds in Julie 1900 'n kamp vir vrouens en kinders by Mafeking opgerig is.[33]

Reeds op 30 September 1900 het Roberts vir generaal T. Kelly- Kenny in kennis gestel dat hy sy eie oordeel moes gebruik aangaande die huisvesting van persone in die kamp te Bloemfontein en dat die kamp nie noodwendig slegs vir wapenneerlêers bedoel is nie. Gedurende Oktober 1900 is lojale Republikeinse burgers se vrouens en kinders verplig om na Bloemfontein te gaan en teen 15 November 1900 was daar al 519 persone in dié kamp.[34] Volgens J.C. Otto kon daar vanaf September 1900 nie meer van die kampe as "refugee"-kampe gepraat word nie aangesien die meeste persone in dié kampe nie vrywillig daarheen gegaan het nie, maar daartoe gedwing is. In Transvaal is die volgende kampe alreeds in 1900 gestig: Barberton, Heidelberg, Johannesburg, Irene, Klerksdorp, Krugersdorp, Mafeking, Potchefstroom, Standerton en Vereeniging.[35]

Wanneer St. John Brodrick op 25 Februarie 1901 in die Britse Laerhuis sê dat die mense vrywillig in die kampe bly, skryf W.T. Stead: "For months past systematic razzias had been made in all parts of the Free State and the South African Republic, thousands of women and children had been taken by force from their homes, carted across the veldt, and thrown against their will and violent protest into camps".[36] Generaal-

---

[33] S.B. Spies, *Methods of Barbarism?...*, p.144; E. Hobhouse, *Die smarte...*, p.33; F. Pretorius, *1899-1902...*, p.56.

[34] A.M. Grundlingh, *Die "Hendsoppers" en "Joiners"*, p.58.

[35] J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, pp.53 en 55 (Mej. Hobhouse noem nie Barberton nie en sy was onseker oor Irene se stigtingsdatum); F. Pretorius, *1899-1902...*, p.56.

[36] W.T. Stead, *Methods of Barbarism...*, p.32.

majoor John Maxwell wat in bevel van die konsentrasiekampe in Transvaal was, het in November 1901 gesê dat die konsentrasiekampe die beleid is om te volg om so die oorlog te beëindig en op 2 Augustus 1901 het Joseph Chamberlain in die Britse Laerhuis gesê dat die konsentrasiekampbeleid al menslike alternatief was vir dié hawelose vrouens en kinders.[37] Lord Kitchener het toegegee dat die doel met die stigting van die konsentrasiekampe was om die burgers so tot oorgawe te probeer dwing.[38] W.T. Stead skryf: "The immediate result, therefore, of our policy of denudation was the policy of concentration adopted by General Wyler in Cuba, and imitated by lord Kitchener in the Transvaal and Orange Free State".[39]

Solank dus as wat die Britse magte op die grense van die Republieke gestuit is, het die Boerevroue 'n belangrike aanvullende rol tot hul mans op kommando vervul. Op geestelike sowel as materiële gebied het hulle die burgers onderskraag. Met lord Roberts se inval in die Wes-Vrystaat in Maart 1900 en Sir Redvers Buller se inval in die ZAR in Julie 1900 het sake verander. Van toe af sou lord Roberts, en ná hom lord Kitchener, se maatreëls teenoor burgerlikes die lot van die vroue en kinders ten nouste raak. Vir die meeste het dit die weg na die konsentrasiekampe geword.[40]

---

[37] S.B. Spies, *Methods of Barbarism?...*, pp.184-185; M. Davitt, *The Boer fight for freedom*, p.580.

[38] G.H.L. Le May, *British supremacy...*, p.96.

[39] W.T. Stead, *Methods of Barbarism?...*, p.9.

[40] F. Pretorius, *1899-1902...*, p.54.